

RENOSTER REEKS – DEEL 4 (Probleme)

Soos reeds bespreek kan gesien word dat jag die klein wieletjie is wat die groot wiel van renoster bewaring aandryf. Op 'n baie vindingryke manier het renosterhoring handelaars die proses gekoop om via medisinale jagte die proses te koop.

Die gemiddelde getal renosters wat per jaar gejaag is vir die periode 1971 – 2004 was 36 diere met 'n groottotaal van 1148 diere vir die periode. Vergelykende is 85 diere met 'n totaal van 338 gejaag vir die periode 2005 – 2008. Dit is 'n toename van 236 persent oor hierdie vier jaar periode en dui daarop dat 'n groot skroef los is in die renoster bedryf. **Tabel 1** toon dat medisinale jagte deur oosterse gemeenskappe R120 miljoen inbring het vir die renoster bedryf vir die periode 2005 – 2008. Trofeë wat wettig gejaag is het dus 'n status verandering ondergaan na 'n “medisyne”. Die vraag is hoe gaan bewaarders die dilemma sinvol oplos? Indien hierdie diere lewendig gehou was om hulle horings af te saag kon die land elke 4 jaar R120 miljoen verdien het sonder om die bevolkingsgroei van renosters te belemmer.

Die Departement Omgewingsake het probeer om met die TOPS permitstelsel die wetgewing te verbeter en bewaring van renosters te bevorder gedurende 2007. Gedurende 2009 is 'n moratorium ingestel om handeldryf in renosterhoring te stop en Norme en Standaarde vir die besit van renosterhoring te wettig. Wanneer na die wilddiefstal statistieke van renosters gekyk word in **Tabel 2** kan gesien word dat dit net olie op die vuur was. Die persentasie van renosters gedood deur wildiewe het in die verlede gevarieer tussen 0.1 – 0.2 persent van die totale bevolking per jaar. Die gemiddelde getal renosters gedood per jaar weens wilddiefstal vir die periode (1980 – 2004) was 6 diere met 'n groottotaal van 148 vir die periode. Gedurende die periode 2005 – 2010 was 566 diere gedood met 'n gemiddeld van 94 renosters per jaar. Die geldelike verliese vir die vyf jaar periode beloop ongeveer R150 000 miljoen.

Persone wat onwettig handel dryf het ook ander metodes begin gebruik sedert 2004. Daar is die afgelope paar jaar in sewe museums ingebreek en 30 renosterhorings gesteel. Op 24 Junie 2009 het 'n bende gewapende rowers personeel van Addo Nasionale Park aangehou 10 kg horing, vier vuurwapens en drie voertuie gebuit. Wilddiewe het ook die afgelope twee jaar renosters gejaag deur gebruik te maak van helikopters en immobilisasie middels. Hierdie gesofistikeerde metodes dui op die vasberadenheid van wilddiewe om renosterhoring te bekom. 'n Verdere betekenisvolle ontwikkeling is, dat renosters op privaatplase vir die eerste keer onwettig gejaag is gedurende 2007.

Die grootste probleem, dat beter wette en regulasies wat afgekondig is, nie beter wetstoepassing kon laat geskied nie omdat die spesialis eenhede soos byvoorbeeld, die Bedreigde Spesie-eenheid in die SA Polisiedienste ontbind is. Die spesialis kundigheid en koördinerende op sentrale en provinsiale regeringsvlak het ontbreek of was gefragmenteer. Die Departemente van Landbou, Natuurbewaring en die Polisiedienste op provinsiale regeringsvlak het byvoorbeeld elk 9 identiteite wat 'n groottotaal van 27 gee wat sinvol moet kan kommunikeer. Hierdie enkele faktor maak dat baie belangrike en betroubare inligting ontbreek vir die sinvolle bestuur van ons wildbevolkings. Die sukses aan

wetstoepassing voor en na die medisinale jagte wat in 2005 begin het kan in **Tabel 3** gesien word.

Kommunikasie onder die renosterboere op Nasionale vlak was ook baie swak na die ontbinding van die destydse (AROA – *African Rhino Owners Association*). Die boere met renosters wat wel deel was van die WRSA (*Wildlife Ranching SA*), het 'n spreekbuis gehad om met die regering te kommunikeer. Die nie-regeringsorganisasies soos die destydse Renoster en Olifantstigting het nie meer bestaan nie en kommunikasie met die publiek het nie plaas gevind nie. Fondsinsameling vir renosters en die skakel tussen die staat en die privaatsektor oor renosterbewing was baie swak gewees. Aangesien wildstropery in renosters so 'n lae profiel gehad het is daar nie privaat sekuriteitsmaatskappye wat grootskaals spesialiseer in hierdie gebied nie. Kortom, Suid-Afrika was nie gereed om die aanslag wat op sy renostersbevolking geloods is, effektief af te weer nie.

Wie is dan hierdie onsigbare mark en wie is die renoster se vyand is die algemene vrae wat deur die man op straat gevra word? Voordat die renoster van uitwissing gered kan word moet die Westerse bewaringsdeskundiges 'n 180 grade denkproses maak. Die renoster is die enigste wilde dier in Afrika wat nie dood gemaak hoef te word om 'n volhoubare produk (horing) te produseer nie. Krokodille en volstruise word op groot skaal geteel vir hulle velle sonder dat die wêreld 'n oogknip.

Reeds in 1994 was ek die eerste boer wat renosterhoring afgesaag het vir kommersiele gebruik. 'n Koei kan 2 kg horing elke 2 jaar produseer. Onder normale wildplaas toestande het dit geen effek op die dier se gedrag of reproduksie vermoëns nie. My seuntjie van 8 jaar het my onlangs gevra of ek nie met die stropers kan reël dat hulle die horings moet neem, maar die diere lewendig hou nie. As 'n kind dit kan insien wat is die probleem met hoogs intellektuele wetenskaplikes?

Hoe word 'n kultuur van meer as 5 000 jaar gebreek? In Seoul alleen is daar 11 kolleges, 20 hospitale, 4 700 klinieke, 7 000 mediese praktisyns en 2 352 apteke wat in Oosterse medisyne werksaam is. Ek dink dit is makliker en goedkoper om 'n paar duisend Westerse bewaringsliefhebbers se denke te swaai as 'n paar biljoen Oosterse gebruikers van 'n produk. Die renoster bedryf is op die oomblik in chaos en die volgende artikel sal lig werp wat reeds gedoen is en wat gedoen kan word om ons natuur erfenis te bewaar.

Tabel 1: Inkomste uit medisinale jagte vir die periode 2005 - 2008

JAAR	MEDISINALE JAGTE	GEMIDDELDE PRYS (ZAR)	TOTALE INKOMSTE (ZAR)
2005	4	R 450 000	R 1,800,000
2006	56	R 450 000	R 25 200 000
2007	143	R 450 000	R 64,350,000
2008	66	R 450 000	R 29,700,000
TOTAAL	269		R 121 050 000

Tabel 2: Persentasie verliese van renosters deur wilddiefstal as ‘n persentasie van die totale bevolking (1980 – 2010)

JAAR	BEREKENDE GETAL	SENSUS GETAL	WILDDIEFSTAL GETAL	% BEVOLKING WILDDIEFSTAL
1980	2 984		0	0
1981	3 180		0	0
1982	3 389		0	0
1983	3 612		4	0,11
1984	3 850		5	0,13
1985	4 103		4	0,10
1986	4 373		6	0,09
1987	4 661	4126	4	0,09
1988	4 967		4	0,08
1989	5 294		4	0,08
1990	5 642		8	0,14
1991	6 013		5	0,08
1992	6 409		15	0,23
1993	6 830		13	0,19
1994	7 279		26	0,36
1995	7 758	6 670	10	0,13
1996	8 268		2	0,02
1997	8 812	7 292	4	0,05
1998	9 392		8	0,07
1999	10 010	7 913	10	0,09
2000	10 668		7	0,07
2001	11 370	10 988	6	0,05
2002	12 118		23	0,19
2003	12 915		19	0,15
2004	13 764		8	0,06
2005	14 669	13 521	15	0,10
2006	15 634		23	0,15
2007	16 662		12	0,07
2008	17 758		76	0,43
2009	18926		120	0,63
2010			320	
TOTAAL			761	

Table 3: Die aantal horings herwin/verloor en arrestasies voor en na die medisinale era wat in 2005 begin het

	ARRESTASIES	HORINGS HERWIN	HORINGS VERLOOR	HORINGS TOTAAL
2002	11	22	5	
2003	21	35	7	
2004	5	6	0	
TOTAAL	37	63	12	75
%		84	16	
2005	11	63	0	
2006	15	19	10	
2007	5	31	0	
2008	17	28	125	
TOTAAL	48	141	135	276
%		51	49	



Foto 1: 'n Renosterkoei kan 2 kg horing elke twee jaar produseer sonder om haar vrugbaarheid aan te tas.



Foto 2: Volmontering van 'n jagtrofee.